Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-06-06

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het slegs 'n beperkte voorraad bestel en daar sal slegs van die volgende groottes beskikbaar wees:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Die fleecy tops is beskikbaar en kan nou aangekoop word. Stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

KINDERKINETIKA

Ons kleuters moet asb **tekkies of toe skoene** aantrek op die dae wat hul Kinderkinetika het. Graad RR-kleuters het op Maandae kinderkinetika en graad R-kleuters op Woensdae. Die gras is soggens nat en dan gly die kleuters as hul oefeninge moet doen.

GRAAD R-INLIGTING:

UITSTAPPIE: DERDE KWARTAAL

Ons beoog 'n bus-uitstappie na Giraffe House op Vrydag, 19 Julie. Dit is die enigste uitstappie gedurende die derde kwartaal waaraan enige kostes verbonde is. Ons gaan met die groot busse ry en daarom beloop die kostes R150-00 per kind wat die busgelde, asook die toegangsfooi, insluit. Ons waarsku ouers vroegtydig van dié uitgawe sodat daar begroot kan word daarvoor. Gelde kan solank skool toe gestuur word, indien jul verkies.

Ons tema vir volgende week is: **SPINNEKOPPE**

Maandag	10 Junie:	***Juf. Cara van die Hasieklas verjaar. Baie geluk!***
Dinsdag	11 Junie:	Oefen 'n 100 stuk-legkaart
Woensdag	12 Junie:	Bak-en-Brou: 'n Spinnekop
Donderdag	13 Junie:	Ons bou klankies met klei
Vrydag	14 Junie:	***Skool sluit om 10:00. Rapporte kan vanaf 07:00 by die hek afgehaal word***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **PRETWEEK**
Ons persepsies is:

Kleur:	**Hersiening**
Vorm:	**Hersiening**
Getal:	**Hersiening**
Klank:	**w-klankie**

Maandag	10 Junie:	***Juf. Cara van die Hasieklas verjaar. Baie geluk!***
Dinsdag	11 Junie:	Ons maak ‘n klankeboekie
Woensdag	12 Junie:	Ons speel “minute to win it”
Donderdag	13 Junie:	Bak-en-Brou: ‘n Gesiggie
Vrydag	14 Junie:	***Skool sluit om 10:00. Rapporte kan vanaf 07:00 by die hek afgehaal word***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel